Gimmie Griffie

11 Januarie 2019

Webtuiste: www.gimmies.co.za ***Uitgawe: 1***

GEAGTE OUERS

Baie welkom terug aan al ons personeel, leerders en ouers. ’n Besondere woord van welkom aan al die nuwe leerders wat deel word van die Gimmie-familie. Ons hoop en vertrou dat dit vir almal ’n wonderlike ervaring sal wees.

Ons verwelkom ook nuwe personeel wat deel word van die Gimmie-span. Me. Pikkie Marx (Afrikaans), mej. Marike Maree (LO en NW), mej. Riëtte Heyns (SW en Geo), me. Andrea Visser (skakelbeampte), me. Anel Hulley (administrasie) en mnr. Willem Coertzen (sportkondisionering en bemarking). Ons vertrou dat hulle baie seën en werksvreugde by Gimmies sal ervaar.

Ons het verlede jaar ’n besonder goeie jaar beleef en hoop dat ons vanjaar weer so suksesvol kan wees. Alle ouers word uitgenooi om asseblief enige probleme met die hoof te kom bespreek, u is baie welkom.

Benewens die feit dat ons na afloop van die 2018-matriekuitslae weer met 'n 100% slaagsyfer kan spog, behaal ons ook die meeste onderskeidings (363) van alle skole in Noordwes, asook die derde hoogste matriekvrystellingsyfer (92.7%). Die gemiddeld van die groep is 68,5%. Daar is 15 Gimmies in die Top 50 en 32 van hulle het ’n gemiddeld bo 80%. Ses Gimmies tel onder die Top 20 in Noordwes, naamlik: Jeanetta du Toit (4de), Marené Coetzee (5de), Chandré Grobler (10), Daniël Walker (12de), Dawie Röntgen (18de) en Elzaan Jooste (19de). Dit is dus logies dat die Onderwys-departement ons as die beste akademiese skool in Noordwes aangewys het.

8 Onderskeidings:
Chandré Grobler, Elzaan Jooste, Lené Prinsloo, Ané Ungerer, Estelle van Tonder en Daniël Walker (hoogste punt naamlik 97% in Noordwes vir Geografie).

7 Onderskeidings:
Caerie Bothma, Georgia Bothma, Marené Coetzee, Jeanetta du Toit (hoogste punt naamlik 97% in Noordwes vir Lewenswetenskappe), Irna Groenewald en Anri Venter.

6 Onderskeidings:
Nicezelle Gernandt, Lehan Janse van Vuuren, Andrew le Roux, Adéle Lourens, Zandelle Meyer, Dawie Röntgen, Katelynn Snyman en Lia Wissing.

5 Onderskeidings:
Anchen Bisschoff, Elizabeth-Anne Grobler, Dané Holtzhausen, Pieter Kruger, Callista Louwrens, Mannscher Meyer, Adriaan Röntgen, Therese Taylor, Christian van Aswegen en Gerhard van Niekerk.

4 Onderskeidings:
Jacques Botha, Henco Brink, Janke de la Harpe, Robin Green, Stéhan Raubenheimer, Louise Smith, Jomaré Snijman, Johan Stadler, Dieter Stark, Burger van der Westhuizen en Kelly van Eck.

Baie dankie vir almal wat die vakansie besig was by die merksentrum, hoofleier-simposium, swem, krieket, koshuis- en atletiekkamp.

Vakveranderings:
Gr. 12: Geen verdere veranderings nie.
Gr. 10-11: Voor einde Januarie.

Enige aansoeke vir spesiale konsessies (ekstra tyd) en ekstra vakke (gr. 10) moet voor einde Januarie afgehandel wees. Kontak me. Rosemary Fouché en mnr. Martin Marx.

Voorkoms:
Ons stel ’n baie hoë premie op die netjiese voorkoms van ons leerders en daarom vra ons baie vriendelik dat almal streng by die reëls, soos in die Gedragskode vir leerders uiteengesit, sal hou.

Skoolklere is by *AK Sport and Leisure* (Dr. James Morokalaan 49) te koop. Die sportdrag en Gimmie-hemp is by Glotron (Spruitstraat 60) beskikbaar.

Die skool het ’n klerebank waar goeie kwaliteit skoolklere gratis bekom kan word. Die klerebank is Maandag en Vrydag vanaf 13:30 tot 13:50 oop.

Ons versoek dat ouers asseblief sal toesien dat leerders se voorkoms reeds korrek sal wees. Alle graad 8’s dra vanaf 7 tot 17 Januarie sportdrag skool toe. Sportdrag beteken ’n kort Gimmie-broekie, gekleurde spanhemp, kouse en tekkies. Vanaf 18 Januarie 2019 word volledige skooldrag aangetrek.

Oueraande:
Maandagaand 14 Januarie om 18:00 is daar ’n verpligte ouervergadering vir al die gr. 12’s en hulle ouers in die skoolsaal. Na die vergadering sal daar genoeg tyd gegee word sodat ouers verversings kan geniet en al ons personeel kan ontmoet.

Leerders wat siek word:
Indien ’n leerder in die oggend werklik siek voel, moet hy/sy asseblief nie skool toe kom nie. Afsprake by dokters, tandartse, ens. moet asseblief in die middae na skool gemaak word.

Indien ’n leerder gedurende skoolure siek word, sal die skool die betrokke ouers skakel om die leerder by die skool te kry. As die ouers nie die kind kan kom haal nie, sal die kind in die siekekamer gehou word. LEERDERS BEL NIE SELF HULLE OUERS NIE.

Verlof aan leerders in skooltyd:
Verlof aan leerders om die skool in skooltyd te verlaat, word slegs in uiters dringende gevalle oorweeg. Dit is belangrik vir elke kind om elke periode in die klas te wees.

Die volgende prosedure moet gevolg word:

- Skriftelike versoek moet minstens twee dae vooraf by een van die adjunkhoofde ingedien word. (Leerders sal kennis kry by wie hulle toestemming moet vra.)
- Noodgevalle word met die hoof of adjunkhoofde hanteer.
- Leerders wat sodanige toestemming verkry het, moet in alle gevalle deur ’n ouer by die skool afgehaal en uit-geteken word nadat sy vakpersoneel van sy afwesigheid in kennis gestel is.
- Geen leerder mag ooit die terrein verlaat sonder om by die kantoor uit te teken nie.
- Ouers moet asseblief nie leerders kom afhaal sonder om vooraf die nodige reëlings te tref nie. Sterk asseblief ons hande in hierdie verband. Leerders sal slegs met skriftelike toestemming toegelaat word om saam met ’n ander persoon as sy ouers die skoolterrein te verlaat. Koshuisleerders gaan ook nie Vrydae vroeër nie.

Leerders wat wederegtelik afwesig is van skool, kan volgens die Gedragskode eksamentoelating verbeur.

Leerders sal slegs aan die einde van periodes uit klasse geroep word.

Afsprake met die hoof:
Ouers is welkom om die hoof te enige tyd oor enige saak wat u as belangrik beskou, by die skool te spreek. Ons vra egter dat u die skool sal skakel om 'n afspraak te maak om teleurstelling te voorkom.

Reëls en Gedragskode:
Die reëls en Gedragskode is in die dagboekie aan alle leerders beskikbaar gestel.

Belangrike datums:
Sien belangrike datums (onderhewig aan verandering) in die dagboekie, webblad en kommunikator.

Kommunikasie:
Die skool gee weekliks 'n Gimmie-Griffie uit met die nuus vir die week asook die daaropvolgende week. U kind kan 'n gedrukte weergawe kry en u die elektroniese weergawe. Indien u dit nie elektronies ontvang nie, kan u me. Anel Hulley by anel@gimmies.co.za kontak.

U kan ook gerus ons internet-webruimte by www.gimmies.co.za besoek waar addisionele inligting oor die skool beskikbaar is.

U kan ook die skool se kommunikator aflaai deur die volgende skakel te gebruik:http://www.school-communicator.com/download.php, kies Potchefstroom Gimnasium en laai dan af. U verkry dan onmiddellik toegang tot heelwat bronne en nuus nadat u u besonderhede en u kind se besonderhede geregistreer het.

Afwesighede of laatkommery:
Ouers ontvang 'n sms vanaf die skool indien 'n leerder vir 'n betrokke dag of periode afwesig of laat is vir skool, selfs indien u vooraf reëlings getref het. Die stelsel stuur die SMS outomaties wanneer die kind afwesig gemerk word.

Graadhoofde vir 2019:
U is baie welkom om u kind se graadhoof te skakel indien u enige probleme t.o.v. u kind ervaar. Die graadhoofde vir 2019 is soos volg:
Graad 8: Me. A. Duvenage
Graad 9: Mnr. D. Grobler
Graad 10: Mnr. G Duvenage
Graad 11: Me. R. Fouché
Graad 12: Me. L. vd Westhuizen

Skoolkwartale vir 2019:
Die skoolkwartale vir 2019 is soos volg:
Kwartaal 1: 9 Jan. tot 15 Mrt.
Kwartaal 2: 2 Apr. tot 14 Jun.
Kwartaal 3: 9 Jul. tot 20 Sept.
Kwartaal 4: 1 Okt. tot 4 Des.

Skooldagboek:
Elke leerder ontvang 'n 2019 skooldagboek. Leerders moet die skooldagboek daagliks gebruik en saam skool toe bring. Belangrike datums en kontakbesonderhede word in die dagboek gegee.

Skoolfonds:
Beloop R15 500 (gr. 8 en 9) en R16 500 (gr. 10 tot 12) per jaar. Betaal asseblief rekening vroegtydig. Indien u wil aansoek doen vir skoolgeldverligting is die vorms by me. Gerda Badenhorst beskikbaar. Dit word volgens inkomste op 'n glyskaal bereken. Moet asseblief nie nalaat om aansoek te doen of 'n definitiewe reëling te tref as u 'n probleem ondervind nie.

Ons versoek dat betalings, sover moontlik, slegs deur middel van internet-betaling of aftrekorder sal geskied.

Die bankbesonderhede is:
ABSA Bank
Tjekrekening: 670 640 469
Takkode: 632005

Ons verkies ook dat u die bewys eerder e-pos as faks. Indien u self 'n betaling kom maak, versoek ons vriendelik dat dit daagliks **voor 09:00** sal geskied. Dankie vir u samewerking in die verband.

Ons vra ook weer dat leerders persoonlike eiendom self ordentlik sal oppas en so min as moontlik duur items skool toe bring. Ons kan ongelukkig nie verantwoordelikheid aanvaar vir eiendom wat wegraak nie.

Die hoof en personeel is vir alle ouers toeganklik en beskikbaar. Die vinnigste metode om 'n probleem in die klas te hanteer, is om direk met die onderwyser of graadhoof te kommunikeer.

Ouers moet asseblief onthou dat *Pick a Pay* Van der Hoffpark goedgunstiglik vir die skool 'n persentasie van alle aankope gee. Gooi asseblief alle strokies wat u by die kasregister ontvang in die Gimmie-houer. Ons gebruik hierdie fondse baie goed.

Ons vestig weer alle afrigters, ouers en leerders se aandag daarop dat daar geen wintersportoefeninge of proewe gehou sal word voor die atletiek afgehandel is nie.

Baie voorspoed vir 2019.

Gimmie-groete,
RA Oosthuizen

DAGBOEK

Maandag 14 Januarie
Oueryergadering: Gr. 12 (18:00)

Dinsdag 15 Januarie
Infrastruktuurvergadering

Woensdag 16 Januarie
Kooroefening (18:00-20:00)
Koshuiskomitee vergadering

Donderdag 17 Januarie
Gr. 8's tennistoernooi (sosiaal)
Kultuuruur (13:00-14:00)

Vrydag 18 Januarie
Toetse begin
Atletiek: Dr. Malan (vriendskaplik)
Landsdiens: Klubbraai

Saterdag 19 Januarie
Krieket: Finsbury (Montana)
Landloop: ASA-proewe (Pretoria)

ATLETIEK

Vanjaar bied Gimmies twee geleenthede aan waar die leerders vir die atletiekspan kan kwalifiseer. Die eerste geleentheid is Vrydag, 18 Januarie met 'n byeenkoms by Dr. Malan in Meyerton. Die volgende geleentheid is ons Interhuis wat verskuif na Vrydag, 25 Januarie. Gimmies bied ook die Gimmies-Prestige-byeenkoms op Saterdag, 2 Februarie aan. Hierdie voorbereiding is belangrik aangesien die Interhoër reeds op Saterdag, 9 Februarie plaasvind.

TENNIS

Alle gr. 8-leerders wat belangstel om tennis te speel (jy moet darem kan telling hou) word uitgenooi na die gr.8-tennispretmiddag op 17 Februarie van 14:15 – 17:00. Inskrywingsgeld is slegs R10! Bring asseblief jou eie tennisraket en tekkies – tennisballe sal voorsien word. Daar gaan ook heerlike eetgoed te koop wees. Om deel te wees van die pretmiddag, kan jy by juf. Hanlie in K 23 gaan inskryf.

Gr. 9-12 tennisspelers kan reeds begin met uitdaagwedstryde. Finale spanlyste moet reeds teen 28 Februarie gefinaliseer word.

KRIEKET

Ware Gimmie-guts!

Tydens die vakansie het Marco Jansen in Stellenbosch vir die *Highveld Lions* se o/19-krieketspan gespeel, waarna hy as een van die o/19-Protea spelers wat na Indië toe gaan, aangewys is.

Marco het van 2016-2018 vir Gimmies se eerste krieketspan gespeel. In 2018 was hy dié span se kaptein. Hy is ook in die volgende krieketspanne ingesluit:

- Noordwes o/19
- Noordwes *Dragons*

- SA-skole *Colts*
- SA o/19

Baie geluk, Marco, Gimmies is trots op jou.

NETBAL

Gimmies se o/15A-netbalspan is tweede in die wêreld!

Ons netbaldogters het hul staal tydens die *International Youth Netball Challenge,* wat van 24-30 November 2018 in Singapoer plaasgevind het, getoon. Die dogters het uiters hard gewerk om tydens die uitspeel-rondtes eerste in hul poel te eindig.
Gimmies het onder andere vir Nieu-Seeland in die uitspeelrondtes gewen, wat nog nooit in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gebeur het nie. Dit was werklik dié mooiste wedstryd wat die dogters nog gespeel het. Gimmies wen Australië in die semifinaal 37-15.

Die dogters se lywe was moeg, maar hulle was gemotiveerd om hul beste in die laaste wedstryd te gee. Tydens die finaal het Nieu-Seeland hul bes probeer om Gimmies te laat opgee, maar hulle het nooit moed opgegee nie. Met slegs drie minute van die laaste kwart oor, het hulle teruggeveg en nadat hulle agt doele agter was, verloor hulle met slegs een doel.

Briljante netbal is tydens die toernooi gespeel en ons span het ‘n pragtige silwermedalje huis toe gebring, asook die titel as naasbeste o/15-netbalspan in die wêreld. Gimmies het die beste van die Suid-Afrikaanse spanne gedoen. Ons is baie trots op dié netbalspelers!

SKAAK

Baie geluk aan die vyf leerders wat gedurende Desember 2018 aan die Suid-Afrikaanse Junior Skaakkampioenskappe (SAJCC) in die onderskeie ouderdoms-groepe deelgeneem het. Die uitslae is as volg:

Die 0/18 A-span behaal ’n algehele 6de plek in die B-afdeling. Baie geluk aan Anaïs Saayman en Niel Bekker.

Die o/16 A-span behaal ’n algehele 5de plek in die C-afdeling. Baie geluk aan Juan-Naude Aslett, Christiaan Cloete en Wiehan Jonker.

ATKV-REDENAARS

Die uitdunne vir leerders wat aan die ATKV-redenaarskompetisie wil deelneem, vind einde Januarie plaas.

- Juniors (gr. 8-9)
  Dinsdagaand, 29 Januarie 2019 om 18:00 in kamer 35.
- Seniors (gr. 10-12)
  Woensdagaand, 30 Januarie 2019 om 18:00 in kamer 35.

Leerders mag oor enige onderwerp van hul keuse praat, maar die onderwerp moet beredeneerbaar wees. Die spreker moet dus duidelik standpunt inneem oor ’n sekere onderwerp en die standpunt moet aan die hand van duidelike argumente en geldige bronne beredeneer word.

Die toespraak moet 3-4 minute lank wees. Leerders sal ook ’n kort onvoorbereide toespraak moet lewer.

Leerders wat belangstel om aan die uitdunne deel te neem, moet teen Woensdag 16 Januarie 2019 hulle name by juf. Julie de Lange (K 35) gaan opgee.

Leerder wat aan die uitdunne deelneem, moet skooldrag aanhê. Die leerders se ouers is welkom om die uitdunne by te woon.

WETENSKAP-EKSPO

Baie geluk aan Michael Dennis (gr. 12) wat verkies is om Suid-Afrika by die internasionale Wetenskap-ekspo van 28 Januarie tot 1 Februarie in Taiwan te verteenwoordig. Dit is voorwaar 'n baie besondere prestasie.

EKSTERNE MUSIEKEKSAMEN

Alle leerders wat in eksterne musiek-eksamens presteer, ontvang 'n toekenning by die prysuitdeling. Die eksterne eksameninstansies wat erken word, is UNISA, ABRSM (Royal Schools), TRINITY COLLEGE en ALMSA. Leerders wat deur die loop van die vakansie hulle uitslae ontvang het, moet dit op Maandag 14 Januarie, voor 13:30, by me. Francis de Wet in K 76 inhandig.

MUSIEK

By Gimmies kan Musiek vanaf graad 10 tot graad 12 as sewende of agtste skoolvak geneem word. Prakties (sang of 'n instrument) het die grootste gewigwaarde (45%). Die ander komponente van die vak is: gehooropleiding (8%), vormleer (3%), musiekbegrip (4%), musiekteorie (20%) en musiekgeskiedenis (20%). Lesgelde vir praktiese onderrig (sang/instrument) is die enigste kostes verbonde aan die vak. Alle graad 10-leerders wat Musiek as agtste skoolvak wil neem, moet op Maandag 14 Januarie, gedurende pouse by me. Francis de Wet in K 76 aanmeld.

DRAMA

By Gimmies kan Dramatiese Kunste vanaf graad 10 tot graad 12 as agtste skoolvak geneem word. Die vak word aangebied deur me. Netta Schutte. Kontak haar by 083 797 3267 vir meer inligting oor klasse en fooie.

TONEELOUDISIES

Graad 8 tot 11
Toneeloudisies vind op Donderdag, 24 Januarie, om 17:00 in die skoolsaal plaas. Leerders moet 'n kort dialoog van twee tot drie minute voorberei. Vir verdere navrae, gaan na me. Elbie Buys in K 32.

SLUITKASSIES

Leerders se tasse is vol en daar is 'n behoefte aan sluitkassies. Die koste beloop R100 per jaar en is by juf. Nadia Malan beskikbaar. Sy sal slegs tydens voogperiodes en na skool tot 13:45 beskikbaar wees.

Leerders wat tans sluitkassies het en nog nie vir 2019 betaal het nie, moet asseblief voor einde Januarie betaal.

BID SAAM

Alle ouers word vriendelik uitgenooi om op Maandae van 07:00-07:30 in die geleentheidskantoor te kom saam bid. Ons bid vir ons skool, ouers, personeel en leerders.

Jak 5:16
"Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking."

Kom ons dra ons skool in 2019 in gebed op!